Jooste se eie firma eis R4,1 mjd. van Steinhoff.

’n Eis van R4,1 miljard is teen Steinhoff ingestel deur Markus Jooste se eie beleggingsmaatskappy en teen homself. Steinhoff toon in sy jongste jaarverslag wat pas uitgereik is Mayfair Speculators het 20 November verlede jaar ’n eis in die hooggeregshof in Kaapstad teen die Suid-Afrikaanse Steinhoff International (SIPHL) en die Nederlandse geregistreerde beheermaatskappy Steinhoff N.V. gebring.

Die eis is egter ook teen Markus Jooste ingestel vir skadevergoeding van R4,1 miljard, alternatiewelik R3,9 miljard en verdere alternatiewelike R719,4 miljoen.

Die eis is gebaseer op ’n geskrewe aandele-uitruilooreenkoms wat in Desember 2011 tussen SIPHL en Mayfair aangegaan is in terme waarvan 31 miljoen gewone aandele in Steinhoff vir 16,5 miljoen PSG-aandele verruil is.

Omdat dié eis ná Steinhoff se jaareinde gebring is, is dit nou die eerste keer in finansiële state aangedui.

Mayfair Speculators se direkteure is Jooste se skoonseun Stefan Potgieter, Piers Marsden en Les Matuson.

Marsden en Matuson is beter bekend as likwidateurs en sakeredders en is in Mei 2018 aangestel ingevolge ’n reëlingskema wat Mayfair begin het om sy skuld aan krediteure terug te betaal.

Jooste het in Desember 2017 bedank as direkteur van Mayfair ná sy skokbedanking as uitvoerende hoof van Steinhoff op die dag wat die groep aan beleggers onthul het dat sy geouditeerde jaarstate nie uitgereik kan word nie en ’n verdere ondersoek na rekenkundige ongerymdhede gedoen moet word.

Potgieter het navrae oor hoe Mayfair ’n eis teen Jooste kan instel, verwys na die reëlingskema se prokureur, Jan Reitz. Die berig sal aangepas of opgevolg word wanneer hy reageer.

Steinhoff se jaarstate toon ook nog ’n nuwe eis wat op dieselfde dag deur Mantessa Equities in die hooggeregshof teen SIHPL gebring is vir R206 miljoen.

Die direkteur van Mantessa is Hendrik van der Merwe Scholtz.

Die eis spruit voort uit Steinhoff-aandele wat Mantessa van Plus 27 Financial Services gekoop het. Die aandele is oorspronklik ontvang deur Plus27 ingevolge ’n ooreenkoms wat tussen hom en BVI voltooi is.



SQUIDEYE

Die eise word albei deur Steinhoff verdedig.

Die jaarverslag toon ook drie hofsake wat laat in 2019 gebring is deur Tiso Blackstar ('n mediahuis in Suid-Afrika) teen Steinhoff N.V. om 'n afskrif van die forensiese verslag van PwC oor die ongerymdhede met Steinhoff se boeke te bekom.

Nog 'n aansoek is op 6 Desember van die Openbare Beleggingskorporasie (OBK) ontvang, terwyl Jayendra Naidoo op 6 Januarie vanjaar 'n aansoek gebring het om toegang tot die PwC-verslag te kry. Sy aansoek is op 18 Februarie afgewys.

https://www.netwerk24.com/Sake/Maatskappye/jooste-se-eie-firma-eis-r41-mjd-van-steinhoff-20210226

SQUIDEYE